Skrifgedeelte: Markus 10:17-31

Teksverse: Markus 10:22

Tema: Kinders, watter besittings het julle regtig?

As daar nou `n program op televisie is, wat my soms heeltemal fassineer, is dit `n program soos *Clean Sweep* op "Home Channel". Dit is `n program wat gaan oor mense wat soveel goed bymekaar maak en opgaar in hulle huise, dat daar naderhand nie meer vir hulle leefspasie in hulle eie huise is nie. Deel van die program is dan `n proses waar hierdie mense hulle besittings moet uitsorteer en die oorgrote meerderheid word dan aan armes geskenk of verkoop. Wat my só fasineer van hierdie program, is die absolute skeidingsangs wat die mense het om van hulle besittings weg te gooi.

En dan hoor ons van hierdie jongman wat na Jesus toe kom en Hom vra wat hy moet doen om die ewige lewe te verkry. Jesus antwoord hom dan deurdat Hy van die bekendste wette aanhaal – jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreek pleeg nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie en so aan. Al hierdie gebooie het hierdie jongman nagekom en daarom gee Jesus vir hom nog een opdrag: "Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir die armes, en jy sal `n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My!"

En dan: skeidingsangs! Hierdie jongman skrik, draai om en gaan bedruk, of hartseer, weg want hy het baie besitttings gehad. Sien, dit wat hierdie jongman gehad het, was dit waarop hy vertrou het. Sy besittings was sy versekering om deur die lewe te gaan en die ewige lewe te bereik. Jesus weet dit en daarom dat Christus hierdie een ding waarop die jongman vertrou het gebruik om sy valse vertroue uit te wys.

Al hierdie besittings wat die jongman gehad het en wat vir hom die vertroue en versekering moes gee dat hy die ewige lewe sou ingaan, was juis die een ding wat hom verhoed het om die ewige lewe in te gaan. Hierdie jongman het met alles wat hy is en het op hierdie besittings van hom vertrou om die ewige lewe te verkry, maar juis daarom sou hy dit nie verkry het nie.

En dan volg hierdie besonderse gesprek tussen Jesus en sy dissipels. Jesus kyk na hulle en vra vir hulle hoe moeilik dit dan vir `n ryke sou wees om in die koninkryk van God te kom. Wanneer die dissipels verbaas is oor hierdie woorde, herhaal Jesus sy vraag en sê Hy vir hulle: "Kinders, hoe moeilik is dit om in die koninkryk van God te kom?"

Ons het verlede Sondagaand al gehoor dat daar `n besonderse verhouding is tussen die geleentheid waar Jesus die kindertjies seën en hierdie gebeure met die jongman. En hier is dit: wanneer Jesus sy dissipels aanspreek as "kinders"! Dit is die enigste plek in die Evangelies waar Jesus sy dissipels só aanspreek en wanneer Hy hulle só aanspreek, wys Hy hulle terug op wat Hy hulle geleer het oor hoe ons die koninkryk van God ontvang het: as kinders! Soos klein kindertjies totaal van hulle ouers afhanklik is, só moet ons totaal van God afhanklik wees en ons vertrou op Hom stel.

Juis daarom, wanneer die dissipels vir Jesus vra wie dan gered kan word, Hy vir hulle sê dat dit vir mense onmoontlik is, maar vir God is alles moontlik. Vir ons as mense is dit heeltemal onmoontlik om onsself te red en dit is wat hierdie jongman moes besef, deurdat Christus hom eers na die Wet gewys het. Dit is wat Paulus besef het toe Hy vir ons in Romeine 7:9-10 die volgende geleer het: *"Voorheen, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde*

begin lewe, en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir m die lewe te bring, vir my die dood beteken."

Maar vir God is alles moontlik! Ons kan nie onsself verlos nie, maar juis dit het God vir ons gedoen. Daarom dat Jesus na hierdie jongman gekyk het en hom lief gekry het. Christus besef ons totale verlorenheid, maar tog bly Hy en is Hy lief vir ons. Weens God se liefde vir ons in Jesus Christus het Hy ons van die dood en sonde verlos, omdat Hy weet dat ons dit nie kan doen nie. Die enigste besitting wat jou kan red, is `n besef dat jy nie jouself kan red nie en dat jy alleen van God afhanklik is en dat jy alleen op Hom moet vertrou vir jou verlossing.

Daarom dat ek vanoggend moet vra: kinders, watter besittings het julle regtig? Nie een van ons sal sê dat ons ons verlossing moet verdien nie. Nie een van ons sal sommer sê dat my verlossing van myself afhang nie. Tog is daar baie dinge waarop ons ons vertroue stel eerder as wat ons ons vertroue op God stel.

Hoe maklik gebeur dit nie dat ons ons vertroue in ons dopper-wees stel nie? Ons is mos gereformeerd en al die jare word dinge só gedoen, waarom moet dit nou anders gedoen word. Hoe maklik gebeur dit nie dat ons dink dat genade goedkoop is nie? Ek is mos gered uit genade, daarom hoef ek niks anders te doen nie. Ek het mos "gearriveer" en kan nou maar net wag tot Jesus weer kom. "Ek is mos op die kerkraad, so ek behoort darem gered te wees". "Ek sondig darem nie só erg soos hierdie of daardie persoon nie". "Ek betaal mos my tiende, so ek hoef niks meer te doen nie".

Kinders van die Here, dit is alles dinge waarin ons `n valse vertroue stel! Wanneer ons aan hierdie dinge vashou en nie aan Christus nie, is ons nie veel anders as hierdie jongman nie. Ja, ons probeer nie die ewige lewe verdien deur gehoorsaamheid nie, maar ons is nie bereid om van onsself af te sien en Christus werklik te volg nie. Ons dink dan dat genade goedkoop is: dit gee vir ons alles en vra van ons niks. Dit, terwyl God vir ons duur genade gegee het: genade, want ons kry dit sonder dat ons dit verdien. Duur, want dit het Christus sy lewe gekos en dit vra van ons om ons lewe oor te gee aan God.

Daarom dat ons iet soos die Omkeerstrategie en die fokustyd nodig het. Dit gaan nie oor lidmaatgetalle en allerhande foefies nie. Dit is nie iets wat ons as predikante uitgedink het om ons mee besig te hou nie. Dit is `n oproep van Christus dat elkeen van ons ons elke dag sal bekeer en sal terugdraai na Christus toe. Dit is `n terugroep om ons vertrou alleen maar in God te stel.

Daarom dat ek vir oulaas vra: watter besittings het julle regtig? Waarop vertrou jy? Jou gereformeerde tradisie, jou dopper-wees, jou tiende wat jy betaal, die feit dat jy deur goedkoop genade gered is? Of vertrou jy op God? Op Hom vir Wie alles moontlik en wat ook na jou kyk en jou liefhet?

Amen